

Covid Tyd om die “reset” knoppie te druk Filippense 3 17 Mei 2020.

Goeie môre almal, ek vertrou dat jy vanoggend al vir die Here dankie gesê het vir 'n nuwe dag vol van sy liefde en genade wat Hy vir jou skenk. As ek na die sosiale media kyk dan lyk dit vir my asof mense sukkel om positief te bly tydens die tyd van inperking.

As kinders van die Here moet ons lig wees en daarom wil ek julle aanmoedig om in die tyd elke dag tyd te maak om vir die Here dankie te sê vir sy seënige in jou lewe. Ek is seker dat, as jy dink aan alles waarvoor jy die Here dankie kan sê, sal jy besef dat ten spyte van alles, die Here nog vir jou goed is en jy baie het om oor dankbaar te wees.

So, druk soos gewoonlik die “pause” knoppie en doen asseblief wat op die skerm gaan opkom.

- Waarvoor kan jy die Here alles dankie sê? Deel met mekaar as jy nie alleen is nie.
- Watter goeie nuus het jy die week in die Bybel raakgelees?
- Bid dat die Gees jou/julle harte oopmaak vir sy Woord.
- Lees Filippense 3:1-14 en deel met mekaar wat jou in die gedeelte tref of uitstaan.

Tydens die “Lockdown” het die gebruik van die internet vir baie mense nog meer belangrik as ooit geword. My internet het net mooi aan die begin van die “Lockdown” begin moeilikheid gee. Eers was dit my router en toe my diensverskaffer. Om te bepaal of jou internet reg werk doen jy 'n spoedtoets. Dit wys vir jou of jou internet spoed op standaard is of nie.

As jou router moeilikheid gee, dan is dit soms nodig om jou router oor op te stel. Om dit te kan doen moet jy die “reset” knoppie, agterop jou router, vir 'n paar sekondes inhou. Dan verloor die router al sy inligting en moet jy letterlik alles van voor af opstel. Ek moes dit die afgelope paar weke gereeld doen en dit kan nogal irriterend wees om die oor en oor te doen.

Die “Lockdown” veroorsaak by die meeste van ons irritasie en frustrasie. Maar, so glo ek, dwing dit ons om alles in ons lewens te herbedink en dalk ontdek ons dat ons ons lewens moet “reset.” Ons word eintlik gedwing om weer dieper oor die lewe te dink en ek dink jy sal dom wees as jy nie die geleentheid gebruik om alles in jou lewe weer in oënskou te neem nie. Die inperkinge en selfs die frustrasies wat daarmee gepaard gaan dien as 'n wonderlike spoedtoets vir ons geestelike lewe.

Ek dink Paulus se getuienis hier in Filippense 3 kan ons help om ons lewens opnuut onder die vergrootglas te neem. Paulus vertel hier hoe Jesus sy lewe verander het. En vriende, dit is die geheim tot die lewe in oorfloed waarvan Jesus in Johannes 10:10 gepraat het. Dis net 'n ontmoeting met Jesus en 'n diepe verstaan van sy liefde en genade vir ons, wat ons verander.

Voor Paulus se bekering was daar baie dinge waarop hy hom kon beroem. Hy het 'n CV gehad wat ons oë sou laat traan. Menslik gesproke was hy 'n man van groot aansien. Hy kom uit die regte familie, regte skool en wat sy werk aanbetref was hy deel van die mees aanstaande groep mense van sy tyd. Amper soos “Royalty.” Paulus, het menslik gesproke, rede gehad om goed te voel oor homself.

Toe ontmoet hy vir Jesus op pad na Damaskus. Hierdie ontmoeting met Jesus het sy lewe op sy kop gekeer. Die wonder van God se liefde vir hom en die feit dat Jesus hom genadig was, selfs al het hy Hom vervolgt, was so groot dat Paulus se uitkyk op die lewe radikaal verander het.

Hoor sy reaksie soos ons dit lees in die Boodskap vertaling: **Al dié dinge** (daardie wêreldse dinge) **was eers vir my ook baie belangrik. Maar Christus het my oë laat oopgaan. Dit het glad geen waarde meer vir my nie. Ek het besef hoe dit 'n mens se aandag kan aftrek van wat regtig belangrik is, en dit is dat ek Christus Jesus as my Here leer ken het.**

Paulus ontmoet vir Jesus en alles wat vir hom voorheen waardevol was is nou vir hom waardeloos. In vers 8 sê hy, hy beskou dit wat vir hom voorheen soveel waarde gehad het as verwerplik. Die Griekse woordjie vir **verwerplik** beteken letterlik, dis vir hom nou soos die **vullis in die asblik**. Ons gooi tog net dit wat vir ons geen voordeel inhou nie, dit wat ons glad nie meer kan, of wil gebruik nie, in die asblik.

Nou sê Paulus, alles wat eers vir my so belangrik was, is nou vir my van so min belang dat ek dit alles in die asblik gooi, **want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde**. In die Amplified Bybel klink dit so: **“I count everything as loss compared to the priceless privilege and supreme advantage of knowing Christ Jesus my Lord [and of growing more deeply and thoroughly acquainted with Him—a joy unequaled]”**.

Vriende, ek sien die grendeltyd as 'n onbeplande gawe aan die mensdom om ons lewens te heroordink. Soveel dinge waarvan ons seker was. Soveel dinge waarop ons vertrou het, is weg. Die beroemdes kan nie deur die “paparazie” gepla word nie en die “fans” kan hulle nie ophemel nie. Ons sportsterre is onsigbaar. Ons Saterdag kan nie opgemors word met die frustrasie van ons sportspanne wat al weer nie wen nie. Ons het tyd vir onself en hopelik gebruik jy die tyd om langer en meer gereeld by die voete van Jesus te sit.

Dink vir 'n oomblik, wat is die dinge waaraan jy so baie waarde heg.

- Watter van daardie dinge maak jou werklik gelukkig?
- Watter van daardie dinge neem regtig die gevoel van onvergenoegdheid weg? Vervul jou?
- Het jy dalk ook in die grendeltyd ontdek jy kan tog daarsonder?
- Daardie ding wat jy so graag wil doen, het dit jou regtig in die verlede so vervuld gemaak as wat jy nou dink dit jou gaan maak?

Toe Paulus vir Jesus ontmoet, toe word alles wat voorheen belangrik was in sy lewe onbelangrik en een begeerte dryf hom die res van sy lewe. Vers 10 - **Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, 11 in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.**

Ons sou voor “lockdown” gedink het hy is 'n bietjie ekstrem. Dalk dink jy nog so, maar Paulus was vry van die wêreld en die sorg waarmee ons elke dag leef. Paulus is deur baie erger dinge as wat enige een van ons gegaan het. Gaan lees maar weer in 2 Korintiërs 11 van die swaarky

waardeer Paulus ter wille van Christus gegaan het. Maar, op 'n manier het dit nie sy vreugde en blydschap beïnvloed nie.

Paulus het ontdek dat die dinge in die lewe wat mens normaalweg dink jou gelukkig gaan maak, nie vir jou diepe geluk en betekenis kan gee nie. Wat wel die lewe betekenis gee, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding in jou lewe te ervaar en om te deel in sy lyding.

Lydning is nie lekker nie. Niemand van ons kies om vrywillig lyding te ervaar nie. John Bevere skryf oor lyding dat lyding nie opoffering is nie. Nee skryf hy, lyding, lang “y” **lyding is gehoorsaamheid**. Ons lees in Hebreërs 5:7 dat Jesus **gedurende sy aardse lewe aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smeking geoffer met harde geroep en met tranen**. Dan lees ons in die volgende vers: **Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is**.

Petrus leer ons in 1 Petrus 4 dat as **iemand liggaamlik gely het, word so iemand se lewe vir die res van sy aardse bestaan nie meer beheers deur menslike begeertes nie, maar deur die wil van God**. Lyding leer ons om aan God gehoorsaam te wees.

Dan skryf John Bevere, dat die “lyding van Christus” beteken dat ons God se weë volg wanneer ons gedagtes, emosies en fisieke sintuie ons lok om die pad van gemak, kompromie of plesier te volg.

Dis hoekom ek dink die “Lockdown” kan 'n gawe vir ons as kinders van God wees. 'n Tyd om te besin wat regtig vir ons belangrik is. 'n Tyd om te dink of ons nie daaraan skuldig is dat ons toegelaat het, dat ons gemak en ons plesier, in die pad van ons verhouding met God kom staan het nie. 'n Tyd om na te dink hoe ernstig ons God se Woord neem.

- Kan ons soos Paulus getuig: **ons een groot begeerte is om Christus te ken?**
- Kan ons getuig dat die dinge van die wêreld sy aanloklikheid verloor het?
- Kan ons ons losmaak van die verlede en die dinge wat in die verlede vir ons belangrik was?

Dis vir my asof die hele situasie wêreldwyd ons amper wil dwing om alles te herbesin. Die effek van die COVID-19 virus op die wêreld het opnuut ons broosheid uitgewys. Een klein, met die oog onsigbare virus, bring die hele wêreld tot stilstand. Ons sekerhede is weggeneem. Ons pensioengeld raak oornag minder. Ons beweging, en selfs wat ons mag koop en nie mag koop nie, word vir ons bepaal.

Net een sekerheid bly oor: danksy die kruisdood en opstanding van Jesus is daar vir ons hoop. Niks kan ons van God se liefde skei nie, alles op grond van wat Jesus vir ons gedoen het. Ek wonder:

- Moet ons nie juis nou onself afvra: waarop wil ons ons hoop plaas nie?
- Is dit nie nou die tyd om ons opnuut aan Jesus te wy en moeite doen om Hom werklik te leer ken nie?
- Sal dit nie bevrydend wees om nie meer aan die wêreld en die hier en nou verknog te wees nie?

- Sal dit nie wonderlik wees om ons vreugde so in die Here te vind dat omstandighede nie ons geluk bepaal nie?
- Sal dit nie bevrydend wees, om al die leë dinge wat ons so nagejaag het, te laat staan nie?

Wat het alles wat ons so nagejaag het ons immer gehelp? As ons eerlik is met onself dan is daar niks aards, wêrelds, wat werklik vir ons vervul het nie. So, kom ons maak ons los daarvan en streef daarna om vir Jesus persoonlik, intiem te ken.

Die Boodskap vertaling vertel so mooi wat Paulus beleef het: **Vandat my pad Jesus s'n gekruis het, het die hele manier waarop ek na dinge kyk, verander. Al daardie dinge wat eers vir my so belangrik was, is nou vir my minder as niks werd, want Jesus het vir my alles geword. Hy is nou vir my belangriker as alle ander dinge tesame. Daarom het ek alles gelos vir Hom.**

Ek glo dat dit God se hart is dat elkeen van ons, dat elke kind van God dit ontdek en beleef wat Paulus in sy ontmoeting met Jesus beleef het en dat ons soos hy enduit sal volhard. Dat sal ons soos Paulus leer om in alle omstandighede ons vreugde in God te vind.

Wil jy nie tyd maak en by die Here gaan sit en vra watter "reset" knoppie jy moet druk nie. Doen die geestelik spoedtoets en vra Hom om jou te wys wat keer dat jy in sy oorwinning lewe.

Vriende, die hele situasie rondom die COVID-19 kan vir jou en my help om te groei na die plek waar ons soos Paulus kan getuig: **Vandat my pad Jesus s'n gekruis het, het die hele manier waarop ek na dinge kyk, verander. Al daardie dinge wat eers vir my so belangrik was, is nou vir my minder as niks werd, want Jesus het vir my alles geword. Hy is nou vir my belangriker as alle ander dinge tesame. Daarom het ek alles gelos vir Hom.**

Hoe meer ons dit kan bely hoe groter gaan ons lewensvreugde wees en hoe meer gaan ons ervaar die lewe is 'n lied saam met Jesus. In die goeie tye, maar ook in die krisis tye soos die COVID-19 tans.

AMEN.

Deel met mekaar of dink na:

- Wat van vanoggend se boodskap staan vir jou uit?
- Hoe lyk jou geestelike spoedtoets?
- Kan jy dink aan dinge waarvan jy ontslae moet raak in jou lewe wat dalk tussen jou en God kom staan het?
- Bid vir mekaar en die wêreld.